## DIE NUWE LEWE VAN DIE ORKES.

### WAT WENSLIK IS VIR DIE TOEKOMS.

TOE aan die end van die finansiële jaar van die Kaapse Orkes geblyk het dat daar 'n tekort was van oor die £4,000, het die Bestuur die hulp van die Stadsraad ingeroep om vir hul die tekort te wil dek. Hewig is die Publisiteitsgenootskap aangeval, wat die reëling in hande gehad het, met die here J. S. Dunn as voorsitter en A. N. Dickson as sekretaris. Van alle kante het daar verwyte gekom soos onbekwaamheid, onmusikaliteit, laksheid, te baie optimisme en dergelike fraaighede. Intussen het dié here, sedert 1921, toe hulle vir die Publisiteitsgenootskap die bestuur van die Kaapse Orkes in hande geneem het, 'n baie swaar tyd gehad. Weens die skaarsheid van geld in die kas, is hulle steeds met bankrotskap gedreig, wat die here Dunn en Dickson baie slapelose nagte moes besorg het, ondanks hul uiterlike optimisme. Die reis van die Orkes na Engeland, wat so baie deur die publiek bespreek is, het feitlik die groot tekort veroorsaak en het die deurslag gegee vir die benoeming van 'n nuwe bestuur, wat die 15de Maart hulle plig aanvaar het. Voor die nuwe bestuur die reëling kon oorneem, het die ou bestuur moet sorg dat die skuld vereffen was. Toe het die here by die Stadsraad aangeklop vir bystand. Nadat hulle oral die voor en teen breedvoerig beraadslaag het, het die Stadsraad die som van £2,000 belowe, maar dan moet die kommissie sorg dat die publiek ook £2,000 bydra. Die tyd dat die som versamel moes wees, was die end van Februarie; maar die einde van die maand was naby, en die geld was nog nie daar nie. Hulle kry toe nog uitstel tot 15 Maart. Die publiek het tot die oortuiging gekom dat Kaapstad baie van sy prestiesje sou verloor as die Orkes uiteen sou spat en dat hul liewers alles in die werk moes stel om daardie inrigting te kan behou. En die benodigde som het toe gou bymekaar gekom. Die intekenare van die Donderdagaandkonserte het 'n nuwe bestuur gekies; verteenwoordigers van die volgende liggame is benoem:—Stadsraad: die here Sloman, Thorne en Gardner; Uitsaaistasie: mnr. J. E. P. Close; Publisiteitsgenootskap: mnr. D. E. McConnell; intekenare: prof. A. Brown. Die here J. S. Dunn en A. N. Dickson is toe bedank vir al die werk wat hulle vir die Orkes gedoen het.

Nou is die saak weer veilig—maar vir ses maande, want die Stadsraad het te kenne gegee dat, as hulle weer in skuld raak, die Orkes ontbind moet word en die subsiedie, groot £9,500 jaarliks, onmiddellik sal ingetrek word. Maar dit sal nie nodig wees nie: Kaapstad sal nooit die Orkes laat gaan nie. Maar dan moet die Kommissie, as beloning vir die opoffering wat die publiek hulle getroos, ook meer laat weet wat daar agter die skerms bepraat word. Ons hoor net baie en lees ook in die koerante ,,dat die Kaapse Orkes die beste van die wêreld is vir die aantal lede wat hulle besit,'' maar ons wil meer weet. Die ou bestuur het ons maar alte dikwels laat dink dat die finansies so rooskleurig as moontlik staan, tot ons opeens die noodkreet verneem: ,,S.O.S.'' Dog daardie grief is nie die enigste wat die publiek koester nie. Die bestuur het te veel vertrou op die goedwilligheid van die publiek en het te min met die intekenare in kontak gebly. Die nuwe bestuur moet ook trag om die Donderdagaandkonserte aan hulle eentonigheid te ontruk. Mense wat gaan omdat hulle werklik van die musiek wil geniet, sal hulle nie eentonig vind nie. Maar daar is baie mense wat gaan omdat dit mode is, en daardie soort verminder sodanig dat die saal lyk asof daar meer leë as besette plekke is. Die bestuur moet ook soliste laat optree; dis wat die mense baie trek, en die onkoste van 'n solis ruimskoots betaal. Daar moet meer afwisseling wees. Die leiers van die wetenskaplike wêreld praat dan altyd so baie oor die opvoedkundige waarde wat van mooi musiek uitgaan, vernaamlik vir musiekstudente. Maar hulle kan immers nie opgevoed word net met orkestrale musiek nie, want dit is tog maar baiekeer danig onverteerbaar vir die jong musiekantjies. Mnr. Leslie Heward, wat verantwoordelik gestel word vir die reëling van die programmas, sal meer om die algemene publiek moet dink en nie slegs steun op die paar geesdriftiges wat die Orkes altoos sal trou bly en deur dik en dun haal nie. Die Kommissie moet ook nie te baie praat dat die mense die kuns beter moet steun of dat miljoenêrs 'n deel van hulle kapitaal moet afstaan terwille van die kuns nie. Met 'n flinke jaarlikse stadsbydrae moet 'n orkes sigself kan betaal. Dis maar alte waar dat 'n uitmuntende programma uitmuntend uitgevoer, altoos 'n groot publiek trek.

# MUSIEK.

*Deur Joh. Luijt.*

## FEDERASIE VAN MUSIEKKLUBS IN SUID-AFRIKA.

### MUSIEK VIR DIE PLATTELAND.

Dis met die grootste vrymoedigheid dat ons die plan van mevr. Ellie Marx kan aanbeveel om orals musiekklubs te stig. Dié dame het onlangs van 'n reis na Engeland teruggekeer en het gesien hoe die federasie daar werk. Met hierdie skema is mevr. Marx nou al 'n tydjie in die Kaap aan die gang; orals bepleit sy die saak geesdriftig. As ons 'n dergelike verbintenis met die stede en dorpe kan verkry, sou dit 'n groot vooruitgang wees. Op die oomblik onderneem mevr. Marx 'n kunsreis met die dames Pattie Price (sang), Adelaide Newman (piano) en André Teunissen (viool) as medewerkendes. In die plekke waar die geselskap optree, word daar propaganda gemaak vir die Federasie. Die doel is om baie musiekklubs te stig deur die Unie. Mevr. Marx doen derhalwe 'n beroep op die musiekminnaars om die inisiatef te neem, en sy versoek al de reeds bestaande musiekklubs om hulle daarby aan te sluit. Na ons verneem, het dergelike klubs in Die Pêrel en Graaff-Reinet hulle verlange te kenne gegee om aan te sluit. Al die klubs sal onder die beheer staan van 'n sentrale klub in Kaapstad, maar elkeen staan so te sê op homself. Lede betaal 'n klein kontribusie aan hulle eie klub; vir die geld kan aan die sentrale klub gevra word om sekere artieste van die beste wat die land oplewer, of die klubs kan 'n seker soort musiek wens vir hulle konsert.

Maar nie alleenlik artieste van Suid-Afrika nie: ook die artieste van Europa wat die land besoek, kan vir die klubs kom konserte gee. Dit sal baie geld verg, maar die klubs wat die naaste bymekaar is, kan hulle verbind vir 'n aand om sodoende van die beste musiek te kan hoor, wat tot dusver maar net vir die groot stede bestem was. Maar daar moet nie alleenlik artieste van groot stede na die platteland gaan om konserte te gee nie, want die doel is dat die klubs ook konserte sal gee met eie kragte om dié soveel as moontlik aan te moedig. Dan is daar ook die voordeel dat dit nie sal nodig wees om te adverteer nie; die konserte kan in privaat sale, soos skoolgebou, kerksaal en dergelike, plaasvind en kan die belastinggelde bespaar word. Dis nie alleenlik in Engeland dat die Federasie met so baie sukses werk nie, ook in Holland bestaan reeds ses jaar 'n soortgelyke bond. Die sukses blyk uit die jaarverslag wat met 'n baie groot saldo gesluit het. Indien die plan met baie beleid uitgewerk word, verdien dit die steun van almal. In iedere stad en dorp een of twee geesdriftige, werksame persone, met baie deursettingsvermoë, en die saak is klaar om te begin. Dis altyd maklik om 'n klub te begin solank as daar nog eensgesindheid heers, maar om dit vol te hou—dis die werk. Ook moet Kaapstad, die plek waar die Sentrale Klub sal gevestig word, nie te outokraties optree nie en ook nie wil werk vir net enkele bevoorregte artieste wat hulle wil begunstig nie, want dan sal die saak nooit bloei nie.

## AFRIKAANS IN DIE EISTEDDFOD.

### GROOT VOORUITGANG IN DIE AFDELING.

Die Eisteddfod sal vanjaar laat aanvang. Maandag 2 Augustus vind die opening plaas; dis drie maande later as in die vorige jare. Die bestier meen dat Augustusmaand beter geskik sal wees om die wedstryde te hou. Die tyd is nou nie van so baie belang nie, maar dat die Afrikaanse Afdeling baie meer uitgebrei sal wees, beteken 'n beslissende oorwinning van Afrikaans. Die reëling is geneem deur die S.A.O.U. in ooreenkoms met die bestier van die Eisteddfod. Toe afgevaardigdes die plan aan die bestier uiteenlê, het hulle baie daarmee ingestem en belowe om soveel as moontlik te help.

In die Afdeling sal daar klasse wees vir elokusie, vir mans, dames en vir kinders van verskillende leeftyd. Sangsolie vir Sopraan, Mezzo, Alt, Manne, Damesduet, Solo-kwartet, Kinderkoor vir kinders onder veertien en meisies bo veertien jaar, en Gemengde Koor. Dan kom die Aksieliedjies vir die kleintjies.

Die bestier het hulle baie ingenome betoon met die voorstel om in die Afrikaanse Afdeling 'n Amateurorkes in te sluit. In die Sillabus het nog nie so 'n klasse voorgekom nie. Die klasse vir die speel van 'n toneelstuk in een bedryf is ook 'n nuwe indeling. Ons is baie bly dat ons ook 'n toonsetting van 'n Afrikaanse gedig kan instuur op 'n bepaalde teks. Dit is nog maar altoos uitsluitend vir die Engelse Afdeling bestem gewees.

(*Vervolg op bladsy* 27.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

DIT was 'n paar jaar na die Anglo-Boere-oorlog dat ek my ou kommandomaat Hendrik van Wyk vir die eerste keer weer ontmoet. Hy was een van die dapperste kêrels op kommando gewees, en ek het dikwels aan hom gedink hoe hy hom in sy opgewondenheid blootgestel het aan die vyand se koeëls. Daarby was hy altyd vrolik en opgeruimd onder enigeen van die dikwels bitter swaar omstandighede. Ons gaan saam koffie drink; en hy sê toe: ,,Wens my geluk: ek is verloof aan die liefste en beste meisie in die hele land.''

Toe hy my sê wie die meisie is, stem ek met hom in dat hy homself as 'n baie gelukkige man kan beskou.

Hy vertel my toe dat hy van plan was om binnekort te trou, en laat my belowe dat ek, as ek op my terugreis na die Kaap weer na Johannesburg toe kom, saam met hom sal gaan om sy mooi, nuwe huis te gaan bekyk, en hom van raad te dien omtrent vrugtebome. Hy was soos 'n jongseun wat na baie lang skooljare vergoed na 'n gelukkige tuis sou terugkeer. Hy kon van niks anders praat nie, en hy sê eenkeer: ,,'n Mens is net 'n bietjie bang. Dit lyk nie moontlik om so gelukkig te kan wees nie.'' Ons neem toe afskeid van mekaar, met die belofte aan my kant om hom dadelik by my aankoms op sy kantoor op te soek.

Dit was 'n paar weke later dat ek toe by hom aanklop en instap. Hy sit vooroorgebuig by sy skryftafel, en kyk op toe ek inkom. Ek het nog nooit so 'n verandering in iemand gesien nie.

Hy kyk in my gesig, maar dit was of hy my nie herken nie. Sy oë staar dof in my gesig, en hy haal hoorbaar asem. Sy gesig was asvaal. Dit was of daar 'n skok deur sy liggaam gaan, en hy ruk hom reg en staan op; maar ek sien dat die hand wat op die skryftafel rus, bewe.

,,Ek dag almal is al weg uit die gebou . . Dit is al na die kantoorure. Sit maar.''

Sy stem is toonloos—hoe anders as die dag toe ons mekaar laas gesien het! Ek kon sien dat hy moeite doen om homself te beheers; maar ek dag oor die ou kommandodae toe ons dikwels saam die dood in die oë gekyk het, en ek vra somar: ,,Hendrik, wat is dit? Vertel my, man. Wat het gebeur?''

Hy val op die stoel neer, en neem diep asem, en toe sê hy: ,,Die vreeslikste ding het my oorgekom—ek kan nie daarvan praat nie . . . Ek kan dit nog self nie besef nie . . . Dit is soos 'n aaklige nagmerrie wat ek enige oomblik van kan ontwaak.''

Ek bly stil; ek kan hom nie sy vertroue afdwing nie, en tog, wat sou ek nie gee as hy sy leed aan my sou vertel nie. Ek het die gevoel dat dit hom sal verligting gee, en ek staan op en gaan na hom toe en sê: ,,As dit nie 'n geheim is waar iemand anders in betrokke is nie, vertel my dan wat dit is. Dit sal nooit verder gaan nie, en miskien sal dit jou verligting gee.''

Hy kyk op na my en sê skielik kortaf: ,,Ek het kanker in my tong.''

Dit was so skielik en onverwags, en hy sê dit in so 'n hopelose stem dat ek tot in die diepste van my hart geraak is. Ek voel dat my knieë bewe, en ek sê: ,,Man, moenie so hopeloos wees nie. Wie het dit vir jou gesê? Enige dokter kan 'n fout begaan. Kom dadelik saam na 'n ander dokter.''

,,Ek het nie die moed nie,'' antwoord

# 'N PSIGOLOGIESE STUDIE.

*Deur S. N.*

hy. ,,Ek het reguit teruggekom hier na my kantoor toe—ek weet nie hoe lank gelede nie, dit lyk jare.'' Hy haal sy horlosie uit sy sak en sê: ,,Dit is al 'n paar uur vandat ek hier sit.''

Hy vertel my toe dat hy al 'n hele tyd gepla was met 'n plekkie aan sy tong wat hom veral pla as hy rook, en dat hy 'n baie bekwame jong dokter gaan raadpleeg het.

,,Wie is die dokter? vra ek.

,,Dr. S—J—,'' antwoord hy. ,,Hy word gehou vir baie bekwaam . . .''

Ek spring byna so hoog as die plafon, en verbaas kyk Hendrik na my.

,,Het hy gesê jy moet weer na 'n paar uur terugkom dat hy sekere proewe kan stel?''

,,Ja,'' antwoord Hendrik. ,,Hoe weet jy dit? Ek het juis hier teruggekom omdat ek nie mense wou ontmoet nie, en (hy maak 'n laai van sy skryftafel oop en haal 'n pistool uit) die verleiding om hierdie wapen te gebruik was groot.''

,,Jy is nie 'n lafaard nie, en weet jy wat, Hendrik? Jy het met 'n mal mens te doen gehad. Ek is seker ek kan dit bewys. Ek het al vantevore van dr. S—J— se wonderlike diagnose gehoor. Man, kom saam met my na dr. D—K—, en dan sal ek jou onder weg vertel hoedat ek byna seker weet dat jy nie rede het om so verslae te wees nie. Jy sal sien binnekort is daardie sogenaamde dokter van die rol af, en, wat nog meer beteken, in 'n kranksinnige-gestig. Hy was vroeër in die Kaap. Hy is nog maar kort hier, nie waar nie?''

Ek was so opgewonde. Ons loop die trap af en klim in Hendrik se klein motertjie wat in die straat staan; kort daarna was ons in dr. D—K— se wagkamer, en ek bly daar onderwyl Hendrik met die dokter ingaan.

Dit duur nie te lank nie of Hendrik kom binne, en ek kon dadelik op sy gesig lees dat die ,,vreeslike nagmerrie'' verby was. Die dokter het die seertjie aan sy tong dadelik herken as iets wat dikwels voorkom by mans wat baie sigarette rook, veral sonder 'n steel; en behalwe 'n vermaning om minder te rook en 'n steel te gebruik, was daar nie die minste sprake van die gevreesde kwaal nie.

,,Jy is gestuur soos 'n beskermengel,'' sê hy dankbaar. ,,Maar ek het nou lus om daardie gek met sy wilde oë se nek te gaan omdraai.''

,,Nee, wag 'n bietjie,'' sê ek. ,,Ons sal hom eers straf, en daarna sal jy moet getuienis aflê, en daar sal moet werk van gemaak word om hom in die kranksinnigegestig te kry. Ek weet as jy nou teruggaan na hom, sal hy jou kamma weer ondersoek, instrumente in jou mond sit en dan verklaar dat hy hom misgis het en dat dit nie so is soos hy verklaar het nie. Al die tyd sal hy jou stip in die gesig kyk om te sien hoe jy dit opneem. Het hy jou nie baie noukeurig in die gesig gekyk toe hy verklaar het dat dit kanker was nie?''

,,Ja, noudat jy dit sê, hy het my vreeslik aangestaar; maar ek het hom niks laat merk wat in my omgegaan het nie en het net gesê ek sal om vyfuur terug wees.''

Ek vertel vir Hendrik toe van 'n geval, byna net soos sy eie, waar hy byna net so gehandel het en gesê het dat hy die doodvonnis uitspreek, en ,,'n psigologiese studie'' daarvan maak hoe die ,,pasjent'' dit opneem.

,,My plan is dit: Neem my na die kranksinnige dokter toe (moenie laat hy jou sien nie) en gee my 'n brief saam waarin jy hom sê dat jy nie verkies om langer te leef nie, en as hy die brief ontvang, jy alreeds uit die wêreld sal wees. Ek oorhandig hom die brief, maak of ek nie weet wat daarin is nie; en as hy dan 'n bietjie goed geskrik het vir die gevolge van sy ,psigologiese studies, dan sal ek hom 'n bietjie die waarheid vertel en hom ook sê dat ons hom by die Mediese Raad gerapporteer het.''

Dit was vir my 'n genot om te sien hoe vaal dr. S.— J.— se gesig word toe hy die brief lees en hoe opgewonde hy skree: ,,Wat is die man se adres? Waarom sit hy nie 'n adres op sy brief nie? Dis mos nie 'n manier van doen nie!''

Toe ruk hy byna die hele telefoon van die muur af en skree: ,,Poliesie!—selfmoord!'' En toe kom hy op my af; maar ek staan hom ewe kalm en onnosel en aangaap. Hy ruk my aan die arm en sê: ,,Kêrel, moet my nie so onnosel staan en aangaap nie. Waar woon die man?''

,,Nee,'' antwoord ek langsaam, ,,ek maak maar net 'n psigologiese studie van 'n dokter wat besef wat die gevolge van 'n verkeerde diagnose kan wees, 'n moedswillig verkeerde, net sodat hy die hart en siel van sy ongelukkige prooi van naby kan analiseer!''

Toe vertel ek hom so 'n bietjie wat die gevolge van sy studie sal wees—en die volgende week is die ,,dokter'' weg Amerika-toe.

# MUSIEK.

(*Vervolg van bladsy* 25.)

## DIE PRYSE.

Baie pryse is beskikbaar gestel vir die goeie saak. Daar is DIE HUISGENOOT-Skild vir die beste skoolkoor; verder sal die Nasionale Pers drie pragtige silwerbekers uitloof, en die S.A.O.U. stel beskikbaar 'n beurs vir 'n jaar onderrig vir dié deelnemer-(ster) wat volgens die mening van die gehoor dit verdien het. Dan is daar nog baie geldpryse en diplomas. Ons reken op die medewerking en steun van alle Afrikaners.

Besigheidsbestuurder wat nog baie ouderwetse idees het: ,,Het ek jou tog nie in 'n huurmoter na die kantoor sien kom nie, Jan?''

Jan, wat 'n baie nuwerwetse jong klerk is: ,,Ja, Meneer. Dit was net om die here krediteure vertroue in ons te gee!''

* * * * *

Hotelhouer: ,,Ek is bly om te hoor dat 'n vorige kosganger my plek vir u aanbeveel het.''

Nuwe kosganger: ,,Ja, sien u, ek het hom vertel dat die dokter vir my 'n vermaeringskuur voorgeskryf het, en toe het hy dadelik u adres aan my gegee!''

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012